

EVALUEER USELF

Hierdie is kenmerke van iemand wat aan verwerping lei.

Ek doen my werk baie goed ... Ek voel almal is teen my Ek voel verwerpe ... Ek voel maklik misbruik ...
Ek vergewe nie maklik nie Ek kan nogal verbitterd raak ... En soms 'n bietjie wraaknemings ...
Minderwaardig, soms ... Nie 'n baie goeie selfbeeld nie ... Makliker liefder vir diere as vir mense
Bang om weer in verhouding te staan ... Selfbejammering, soms ... Ek ontsnap maklik in 'n droomwêreld ...
Rook en drink om te ontspan ... Go Getter ... **Dan ondervind ek die volgende siektes:**
Gewasse Arteritis Gewrigsontsteking Kanker ... Suikersiekte

1. U moet verstaan dat verwerping is die nommer een emosionele letsel wereldwyd en dat selfs Paulus dit ervaar het
2. U moet verstaan dat die persoon wat u die meeste verwerp het ook maar net 'n verwerpene is
3. U moet let op twee Bybelse beginsels
 - a. Vergifnis is van kardinale belang en
 - b. Vertrou nie op mense of op jou eie vermoë nie.

'n Bybelse verhaal: Josef het met sy tien broers gekompoteer vir liefde by Jakob ... sy Pa het selfs nooit liefde geken by sy eie Pa Isak nie ... gevolglik begin so 'n persoon erkenning soek deur uitteblik in aktiwiteite ... Pa gee hom 'n jas maar hy soek liefde. Sy broers haat hom ... word verkoop as slaaf, werk weer hard vir erkenning ... Potifar se vrou verwerp hom ... word toegesluit ... werk hard in die tronk ... maar bereik nie sy Godgegewe potensiaal nie. Die moment toe hy agter die kap van die byl kom word hy aangestel as tweede in beheer van Egipte.

Hedendaagse verhaal: Oscar Pretorius. Sy ouers verwerp omdat hy nie bene het nie ... deur te hardloop word hy wereldwyd erkenning toegeswaai ... maar hy smag na liefde .. Reeva ook 'n verwerpene voel aangetrokke tot hom ... beide smag na liefde .. wat hulle nie het nie ... en deur werke probeer hulle bymekaar aanpas.. Die moment toe die een nie die ander se soeke na liefde nie kon bevredig nie ... neem Oscar wraak en vermoor haar.

Nog verhale: die Boetie word nie geag deur die ouers nie, sussa word voorgetrek ... nie net verkrag hy haar nie maar wis die gesin uit in Griekwastad. Op Stella verwerp sy haar kerel ... nie net hang hy haar op nie maar vermoor ook die niggie.

Ek was verwerp. Alreeds voor geboorte was ek nie aanvaarbaar nie. Ma begeer 'n dogter en ek, 'n seun. Om te kompenseer vir haar groot teleurstelling het ek op- getree soos meisie en altyd die ander broers met koek en kos bedien. Diep in my wese was daar 'n uitroep, verwerp my net nie, ma. Om myself te vergoed vir die onnatuurlike rol wat ek gespeel het het ek pa se geld gesteel en daarmee lekkernye gekoop. Verbittering, minderwaardigheid, rebellie en selfbejammering volg. Nie net teenoor die ouers nie, maar ook teenoor die Here. Hoekom is ek nie goed genoeg nie, hoekom is ek nie 'n dogter nie? Maklik is dit om die Here te blameer en ook om in opstand te kom teenoor jou ouers. Die werklikheid van hierdie persoonlikheids-verandering kom eers tot sy volheid in die huwelik. Soort soek soort. Annetjie, my vrou moes 'n seun gewees het. Met haar oormaat manlike hormone en met my oormatige vroulike hormone stap ons 'n huwelik in. Sy speel die rol van 'n man en ek die rol van 'n vrou. 'n Resep saamgestel deur die duiwel om verwoesting mee te bring. Satan gebruik my ouers om te help met sy plan. Ma was verwerp en Pa was verwerp as kinders. Hulle het uit hulle gebrokenheid gedink hulle doen goed aan hulle kinders, maar het slegs voortgebou om die hand van die duiwel te versterk. Twintig jaar later kon ons uit hierdie strik ontsnap. Begrip en kennis van u spesifieke situasie is die antwoord. Al ons uitroepe en al ons teleurstellings en al ons vernedering, weeg dit werklik op teenoor dit wat Jesus moes ervaar het van die mensekind?

Jesus die mees verwerpene: Hy was verag en deur die mense verlaat, 'n man van smarte en bekend met krankheid; ja, soos een vir wie 'n mens sy gelaat verberg; Hy was verag en ons het Hom nie geag nie. Nogtans het Hy óns krankhede op Hom geneem, en óns smarte—dié het Hy gedra; maar óns het Hom gehou vir een wat geplaag, deur God geslaan en verdruk was. Maar Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom. Isa 53:3

Wanneer u inwendig gewond word, moet dit onmiddellik gereinig word deur die aanwending van vergifnis. Vergifnis is 'n geestelike ontsmettingsmiddel. Wanneer iemand deur verwerping gewond word, moet hy gou die oortredende party vergewe anders kan 'n onrein gees toegang tot die wond verkry, wat geestelike infeksie kan veroorsaak.